Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REGULATION GAZETTE No. 2407 — PRICE 20c PRYS — REGULASIEKOERANT No. 2407

*Registered at the Post Office as a Newspaper* — OVERSEAS 30c OORSEE — POST FREE — POSVRY — *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

Vol. 138] PRETORIA, 31 DECEMBER 1976 / 31 DESEMBER 1976 [No. 5368

## PROCLAMATION

*by the State President of the Republic of South Africa*

No. R. 283, 1976

COMMENCEMENT OF THE SOUTH AFRICAN TEACHERS' COUNCIL FOR WHITES ACT, 1976

Under and by virtue of the powers vested in me by section 29 of the South African Teachers' Council for Whites Act, 1976 (Act 116 of 1976), I hereby declare that the provisions of section 5 of the said Act shall come into operation on 1 January 1977.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Fourteenth day of December, One thousand Nine hundred and Seventy-six.

N. DIEDERICHS, State President.

By Order of the State President-in-Council:

P. G. J. KOORNHOF.

## GOVERNMENT NOTICES

### DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING

No. R. 2553 31 December 1976

LEVY AND SPECIAL LEVY ON CHICORY

In terms of section 79 (a) of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), I, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister of Agriculture, hereby make known that the Chicory Control Board, referred to in section 3 of the Chicory Control Scheme published by Proclamation R. 235 of 1962, as amended, has in terms of section 15 and 17 of the said Scheme, with my approval and with effect from the date of publication hereof, imposed a levy and special levy as set out in the Schedule hereto, in substitution of the levy and the special levy published by Government Notice R. 2020 of 24 October 1975, which is hereby repealed.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister of Agriculture.

## PROKLAMASIE

*van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika*

No. R. 283, 1976

INWERKINGTREDING VAN DIE WET OP DIE SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSRAAD VIR BLANKES, 1976

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 29 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes, 1976 (Wet 116 van 1976), verklaar ek hierby dat die bepalings van artikel 5 van genoemde Wet op 1 Januarie 1977 in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Veertiende dag van Desember Eenduisend Negehonderd Ses-en-sewentig.

N. DIEDERICHS, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

P. G. J. KOORNHOF.

## GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

### DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING

No. R. 2553 31 Desember 1976

HEFFING EN SPESIALE HEFFING OP SIGOREI

Kragtens artikel 79 (a) van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), maak ek, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister van Landbou, hierby bekend dat die Sigoreibeheerraad, genoem in artikel 3 van die Sigoreiréëlingskema, afgekondig by Proklamasie R. 235 van 1962, soos gewysig, kragtens artikels 15 en 17 van genoemde Skema, met my goedkeuring en met ingang van die datum van publikasie hiervan, 'n heffing en spesiale heffing opgelê het soos in die Bylae hiervan uiteengesit, ter vervanging van die heffing en spesiale heffing afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 2020 van 24 Oktober 1975, wat hierby herroep word.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister van Landbou.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



SCHEDULE

1. In this notice, unless inconsistent with the context, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Chicory Control Scheme, published by Proclamation R. 235 of 1962, as amended, shall have a corresponding meaning and—

"grade", in relation to dried chicory root in unroasted form, means a grade of dried chicory root in unroasted form prescribed by regulation under section 89 of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968).

2. A levy of 62c per 50 kg and a special levy of 100c per 50 kg is hereby imposed on First grade and Second grade dried chicory root in unroasted form which is sold by the Chicory Control Board on behalf of a producer thereof.

BYLAE

1. In hierdie kennisgewing, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Sigoreireëlingskema, afgekondig by Proklamasie R. 235 van 1962, soos gewysig, 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis, en beteken—

"graad" met betrekking tot gedroogde sigoreiwortel in ongebrande vorm, 'n graad gedroogde sigoreiwortel in ongebrande vorm by regulasie kragtens artikel 89 van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), voorgeskryf.

2. 'n Heffing van 62c per 50 kg en 'n spesiale heffing van 100c per 50 kg word hierby opgelê op Eerstegraad en Tweedegraad gedroogde sigoreiwortel in ongebrande vorm wat deur die Sigoreibeheerraad ten behoewe van 'n produsent daarvan verkoop word.

---

No. R. 2559 31 December 1976

CONTROL OF THE INTRODUCTION OF DECIDUOUS FRUIT INTO CERTAIN AREAS

Under the powers vested in me by section 79 (c) of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), I, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister of Agriculture, do hereby make known that the Deciduous Fruit Board, referred to in section 3 of the Deciduous Fruit Scheme, published under Proclamation R. 288 of 1962, as amended, has, in terms of section 17 (s) of the Scheme—

(a) defined the areas specified in Schedule 2 hereto as the areas in respect of which the determinations referred to in paragraph (b) have been made;

(b) determined the quantities of deciduous fruit specified in Schedule 3 as the maximum quantities deciduous fruit which may be introduced into the areas referred to in paragraph (a) during the periods referred to in that Schedule;

And I do hereby further, in terms of the powers vested in me by section 75 (2) of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), impose the prohibitions and prescribe the procedure, permits and conditions as set out in Schedules 1 and 4 hereto for the purpose of rendering effective the above decisions of the said Board.

This notice shall come into operation on the date of publication hereof in substitution of Government Notice R. 2275 of 28 November 1975 which is hereby repealed.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister of Agriculture.

SCHEDULE 1

DEFINITIONS

1. In this notice, unless inconsistent with the context, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Deciduous Fruit Scheme, published by Proclamation R. 288 of 1962, as amended, shall have a corresponding meaning, and—

"defined area" means the Table Bay Docks Area and the Port Elizabeth Docks Area as described in Schedule 2;

"peaches" means peaches excluding nectarines;

"week" means a period calculated from Monday to Sunday, both days inclusive.

2. For the purposes of this notice—

(a) deciduous fruit accepted by the South African Railways and Harbours Administration for conveyance on behalf of a consignor to a defined area, shall be deemed to have been introduced by that consignor into the defined area concerned during the week in which the

No. R. 2559 31 Desember 1976

BEHEER OOR DIE INBRING VAN SAGTEVRUGTE IN SEKERE GEBIEDE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 79 (c) van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), maak ek, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister van Landbou, hierby bekend dat die Sagtevrugteraad, genoem in artikel 3 van die Sagtevrugteskema, afgekondig by Proklamasie R. 288 van 1962, soos gewysig, kragtens artikel 17 (s) van daardie Skema—

(a) die gebiede in Bylae 2 hiervan uiteengesit, omskryf het as die gebiede ten opsigte waarvan die in paragraaf (b) vermelde vasstellings gemaak is;

(b) die hoeveelhede sagtevrugte in Bylae 3 vermeld, vasgestel het as die maksimum hoeveelhede sagtevrugte wat gedurende die in daardie Bylae vermelde tydperke in die in paragraaf (a) vermelde gebiede ingebring mag word;

En voorts kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 75 (2) van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), lê ek hierby die verbodsbepaling op en skryf ek hierby die prosedure, permitte en voorwaardes voor soos in Bylaes 1 en 4 hiervan uiteengesit ten einde die bogemelde besluite van genoemde Raad doeltreffend te maak.

Hierdie kennisgewing tree op die datum van publikasie hiervan in werking ter vervanging van Goewermentskennisgewing R. 2275 van 28 November 1975, wat hierby herroep word.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister van Landbou.

BYLAE 1

WOORDOMSKRYWING

1. In hierdie kennisgewing, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Sagtevrugteskema, afgekondig by Proklamasie R. 288 van 1962, soos gewysig, 'n betekenis geheg is, dieselfde betekenis, en beteken—

"omskrewegebied" die Tafelbaai-dokkegebied en die Port Elizabeth-dokkegebied soos in Bylae 2 beskryf;

"perskes" nie ook kaalperskes nie;

"week" 'n tydperk gereken vanaf Maandag tot Sondag, albei dae ingesluit.

2. By die toepassing van hierdie kennisgewing—

(a) word sagtevrugte wat deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawensadministrasie aangeneem is vir vervoer, ten behoewe van afsender na 'n omskrewe gebied, geag deur daardie afsender in die betrokke omskrewe gebied ingebring te gewees het gedurende die week waarin dit aldus aangeneem is, behalwe in die

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



fruit was so accepted, except in the case of deciduous fruit which was so accepted on a Sunday, which fruit shall be deemed to have been so introduced during the immediately succeeding week; and

(b) deciduous fruit presented by a consignor, with the approval of the Board, for approval for export in terms of the Agricultural Produce Export Control Act, 1971 (No. 51 of 1971), at an intake point other than a defined area shall be deemed to have been introduced into a defined area during the week in which it was so presented for approval at such intake point, except in the case of deciduous fruit which was so presented for approval at such intake point on a Sunday, which fruit shall be deemed to have been so introduced during the immediately succeeding week;

(c) a quantity of packed deciduous fruit shall be converted to the cubic metre equivalent thereof, as follows:

| Kind of fruit | Kind of pack | Number of containers equal to one cubic metre |
|---|---|---|
| Peach | Single-layer tray | 70,54 |
| Plum | Single-layer tray | 84,15 |
| Plum | Double-layer tray | 65,00 |
| Grape | 102-mm box | 60,35 |
| Grape | 114-mm box | 54,47 |
| Grape | 127-mm box | 49,75 |
| Pear | Tray | 74,18 |
| Pear | Case | 23,84 |
| Pear | Carton | 31,48 |
| Apple | Carton | 18,88 |

## SCHEDULE 2

### AREAS

"Table Bay Docks Area" i.e. the Cape Town harbour area under the control of the South African Railways and Harbours Administration;

"Port Elizabeth Docks Area" i.e. the Port Elizabeth harbour area under the control of the South African Railways and Harbours Administration.

## SCHEDULE 3

### MAXIMUM QUANTITIES OF DECIDUOUS FRUIT

*Deciduous fruit*

1. The maximum quantity of deciduous fruit which may in any week during the period terminating 31 July 1977 be introduced into the Table Bay Docks Area and the Port Elizabeth Docks Area shall be as follows:

Table Bay Docks Area: 65 000 cubic metres;
Port Elizabeth Docks Area: 15 000 cubic metres.

*Bon Chrétien pears*

2. The maximum quantity of Bon Chrétien pears which may during the period terminating 27 February 1977 be introduced into the Table Bay Docks Area and the Port Elizabeth Docks Area shall be 650 000 cartons of 15 kilograms each.

*Count 28 peaches*

3. The maximum quantity of peaches of a count of 28 which may in any week during the period terminating 31 July 1977 be introduced into the Table Bay Docks Area and the Port Elizabeth Docks Area shall be 7 000 single-layer trays.

geval van sagtevrugte wat aldus aangeneem is op 'n Sondag, watter vrugte geag word gedurende die onmiddellik daaropvolgende week aldus ingebring te gewees het;

(b) word sagtevrugte wat met die goedkeuring van die Raad, by 'n innameplek anders as in 'n omskrewe gebied deur 'n afsender aangebied is vir goedkeuring vir uitvoer kragtens die Wet op Uitvoer van Landbouprodukte, 1971 (No. 51 van 1971), geag in 'n omskrewe gebied ingebring te gewees het gedurende die week waarin dit by sodanige innameplek aldus vir goedkeuring aangebied is, behalwe in die geval van sagtevrugte wat by sodanige innameplek aldus aangebied is vir goedkeuring op 'n Sondag, watter vrugte geag word gedurende die onmiddellik daaropvolgende week ingebring te gewees het;

(c) word 'n hoeveelheid verpakte sagtevrugte soos volg na die kubieke meter-ekwivalent daarvan omgereken:

| Soort vrug | Soort verpakking | Aantal houers gelykstaande aan een kubieke meter |
|---|---|---|
| Perskes | Enkellaagkissie | 70,54 |
| Pruim | Enkellaagkissie | 84,15 |
| Pruim | Dubbellaagkissie | 65,00 |
| Druiwe | 102-mm-kissie | 60,35 |
| Druiwe | 114-mm-kissie | 54,47 |
| Druiwe | 127-mm-kissie | 49,75 |
| Peer | Platkissie | 74,18 |
| Peer | Kis | 23,84 |
| Peer | Karton | 31,48 |
| Appel | Karton | 18,88 |

## BYLAE 2

### GEBIEDE

"Tafelbaai-dokkegebied", d.i. die Kaapstadse hawegebied onder die beheer van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawensadministrasie;

"Port Elizabeth-dokkegebied", d.i. die Port Elizabethse hawegebied onder die beheer van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawensadministrasie.

## BYLAE 3

### MAKSIMUM HOEVEELHEDE SAGTEVRUGTE

*Sagtevrugte*

1. Die maksimum hoeveelheid sagtevrugte wat in enige week gedurende die tydperk eindigende 31 Julie 1977 in die Tafelbaai-dokkegebied en die Port Elizabeth-dokkegebied ingebring mag word, is soos volg:

Tafelbaai-dokkegebied: 65 000 kubieke meter;
Port Elizabeth-dokkegebied: 15 000 kubieke meter.

*Bon Chrétienpere*

2. Die maksimum hoeveelheid Bon Chrétienpere wat gedurende die tydperk eindigende 27 Februarie 1977 in die Tafelbaai- en die Port Elizabeth-dokkegebied ingebring mag word, is 65 000 kartonne van 15 kg elk.

*Telling 28 perskes*

3. Die maksimum hoeveelheid perskes van 'n telling van 28 wat in enige week gedurende die tydperk eindigende 31 Julie 1977 in die Tafelbaai- en Port Elizabeth-dokkegebied ingebring mag word, is 7 000 enkellaagkissies.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



*Count codes 7 and 8 apples of certain cultivars*

4. The maximum quantity apples of count codes 7 and 8 of the undermentioned cultivars which may during the period terminating 31 July 1977 be introduced into the Table Bay Docks Area and the Port Elizabeth Docks Area shall be as follows:

| Cultivar | Count Code 7 | Count Code 8 |
|---|---|---|
| | Cartons | Cartons |
| Dunn's Seedling | 400 000 | 400 000 |
| Starking | 600 000 | 500 000 |
| Golden Delicious | 1 000 000 | 1 000 000 |
| Winter Pearmain | 400 000 | 450 000 |
| Granny Smith | 1 700 000 | 1 000 000 |

SCHEDULE 4

PROHIBITIONS, CONDITIONS AND PERMITS

*Prohibition*

1. No person shall during the period terminating 31 July 1977 introduce—

(a) deciduous fruit of any class;

(b) Bon Chrétien pears;

(c) peaches of a count of 28;

(d) apples of count codes 7 and 8 of the cultivars Dunn's Seedling, Starking, Golden Delicious, Winter Pearmain and Granny Smith;

into the defined area except under authority of a permit issued by the Board or otherwise than in accordance with the conditions subject to which such permit has been issued.

*Applications for permits*

2. Any person who intends to—

(a) introduce deciduous fruit into the defined area shall apply in writing to the Board for a permit: Provided that submission to the Board in accordance with the provisions of Government Notice R. 1937 dated 22 October 1976, of a notice contemplated in that Government Notice, shall be deemed to be an application for a permit to introduce into the defined area during each of the weeks in respect of which notice has been so given, the quantities of deciduous fruit of the different classes as indicated on the notice form;

(b) introduce Bon Chrétien pears into the defined area shall apply in writing to the Board for a permit, stating the number of 15-kg cartons of Bon Chrétien pears which he has packed during the preceding season for export, the tonnage which he has delivered to canners and his expected production (tonnage) of the cultivar during the 1977 season;

(c) introduce peaches of a count of 28 into the defined area shall apply in writing to the Board for a permit;

(d) introduce apples of count codes 7 and 8 of the said cultivars into the defined area shall apply in writing to the Board for a permit: Provided that submission to the Board in accordance with the provisions of Government Notice R. 1937 dated 22 October 1976, of a notice contemplated in that Government Notice, shall be deemed to be an application for a permit to introduce into the defined area during each of the weeks in respect of which notice had been so given, the quantities of apples of the said count codes as indicated on the notice form.

*Tellingkodes 7 en 8 appels van sekere cultivars*

4. Die maksimum hoeveelheid appels van tellingkodes 7 en 8 van ondergenoemde cultivars wat gedurende die tydperk eindigende 31 Julie 1977 in die Tafelbaai- en Port Elizabeth-dokkegebied ingebring mag word, is soos volg:

| Cultivar | Tellingkode 7 | Tellingkode 8 |
|---|---|---|
| | Kartonne | Kartonne |
| Dunn's Seedling | 400 000 | 400 000 |
| Starking | 600 000 | 500 000 |
| Golden Delicious | 1 000 000 | 1 000 000 |
| Winter Pearmain | 400 000 | 450 000 |
| Granny Smith | 1 700 000 | 1 000 000 |

BYLAE 4

VERBODSBEPALINGS, VOORWAARDES EN PERMITTE

*Verbodsbepaling*

1. Niemand mag gedurende die tydperk eindigende 31 Julie 1977—

(a) sagtevrugte van enige klas;

(b) Bon Chrétienpere;

(c) perskes van 'n telling van 28;

(d) appels van tellingkodes 7 en 8 van die cultivars Dunn's Seedling, Starking, Golden Delicious, Winter Pearmain en Granny Smith;

in die omskrewe gebied inbring nie, behalwe op gesag van 'n permit deur die Raad uitgereik of anders as ooreenkomstig die voorwaardes waaronder daardie permit uitgereik is.

*Aansoeke om permitte*

2. Iemand wat voornemens is om—

(a) sagtevrugte in die omskrewe gebied in te bring moet skriftelik by die Raad om 'n permit aansoek doen: Met dien verstande dat voorlegging aan die Raad, ooreenkomstig die bepalings van Goewermentskennisgewing R. 1937 van 22 Oktober 1976, van 'n kennisgewing in daardie goewermentskennisgewing beoog, geag word 'n aansoek om 'n permit te wees om gedurende elk van die weke ten opsigte waarvan aldus kennis gegee is, die hoeveelhede sagtevrugte van die verskillende klasse wat op die kennisgewingvorm aangetoon is, in omskrewe gebied in te bring;

(b) Bon Chrétienpere in die omskrewe gebied in te bring moet skriftelik by die Raad om 'n permit aansoek doen met die vermelding van die aantal 15 kg-kartonne Bon Chrétienpere wat hy in die voorafgaande seisoen vir uitvoer verpak het, die tonnemaat wat hy aan inmakers gelewer het en sy verwagte produksie (tonnemaat) in die 1977-seisoen;

(c) perskes van 'n telling van 28 in die omskrewe gebied in te bring, moet skriftelik by die Raad om 'n permit aansoek doen;

(d) appels van tellingkodes 7 en 8 van die gemelde cultivars in die omskrewe gebied in te bring moet skriftelik by die Raad om 'n permit aansoek doen: Met dien verstande dat die voorlegging aan die Raad ooreenkomstig die bepalings van Goewermentskennisgewing R. 1937 van 22 Oktober 1976, van 'n kennisgewing in daardie goewermentskennisgewing beoog, geag word 'n aansoek om 'n permit te wees om gedurende elk van die weke ten opsigte waarvan aldus kennis gegee is, die hoeveelhede appels van bedoelde tellingkodes wat op die kennisgewingvorm aangetoon is, in die omskrewe gebied in te bring.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



*Permits for deciduous fruit*

3. A permit for introducing deciduous fruit into the defined area shall be on the form prescribed in Annexure A and shall be issued on condition that—

(a) the Board shall have the right to increase or to reduce the quantity of deciduous fruit specified in the permit;

(b) the Board may cancel the permit if the Perishable Products Export Control Board, referred to in section 1 of the Perishable Products Export Control Act, 1926 (No. 53 of 1926), finds it impossible to accept for shipment in terms of that Act any deciduous fruit for which the permit has been issued or if the South African Railways and Harbours Administration is unable to accommodate such deciduous fruit in the pre-cooling sheds at Table Bay Docks or Port Elizabeth Docks;

(c) the quantity specified in any permit shall automatically be increased by a quantity equal to any quantity of deciduous fruit which has been introduced into the defined area on authority of such permit, but which has been rejected for export in terms of the Agricultural Produce Export Control Act, 1971 (No. 51 of 1971);

(d) the permit shall be transferable;

(e) the quantity of deciduous fruit specified in a permit shall not include Bon Chrétien pears, peaches of count 28, and apples of count codes 7 and 8 of the cultivars referred to in clause 1 (d), unless the holder of the permit has an additional permit contemplated in clause 4, 5 or 6 of this Schedule to introduce such classes of deciduous fruit into the defined area.

*Permits for Bon Chrétien pears*

4. A permit for introducing Bon Chrétien pears into the defined area shall be on the form prescribed in Annexure B and shall be issued on condition that—

(a) the Board shall have the right to increase or to reduce the quantity specified in the permit;

(b) the permit shall not be transferable;

(c) the permit shall be suspended during any week in respect of which the holder does not have at his disposal a permit contemplated in clause 3 of this Schedule.

*Permits for count 28 peaches*

5. A permit for introducing peaches of a count of 28 into the defined area shall be on the form prescribed in Annexure C and shall be issued on condition that—

(a) the Board shall have the right to increase or to reduce the quantity specified in the permit;

(b) the permit shall not be transferable;

(c) the permit shall be suspended during any week in respect of which the holder does not have at his disposal a permit contemplated in clause 3 of this Schedule.

*Permits for count codes 7 and 8 apples*

6. A permit for introducing apples of count codes 7 and 8 of the cultivars Dunn's Seedling, Starking, Golden Delicious, Winter Pearmain and Granny Smith into the defined area shall be on the form prescribed in Annexure D and shall be issued on condition that—

(a) the permit shall not be transferable;

(b) the permit shall be suspended during any week in respect of which the holder does not have at his disposal a permit contemplated in clause 3 of this Schedule.

*Permitte vir sagtevrugte*

3. 'n Permit vir die inbring van sagtevrugte in die omskrewe gebied moet op die vorm wees in Aanhangsel A voorgeskryf en word uitgereik op die voorwaarde dat—

(a) die Raad die reg het om die hoeveelheid sagtevrugte in die permit aangedui te vermeerder of te verminder;

(b) die Raad die permit kan kanselleer as die Raad van Toesig op die Uitvoer van Bederfbare Produkte, genoem in artikel 1 van die Wet op Reëling van Uitvoer van Bederfbare Produkte, 1926 (No. 53 van 1926), dit onmoontlik vind om die sagtevrugte waarvoor die permit uitgereik is, ingevolge daardie Wet vir verskeping aan te neem of as die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawensadministrasie nie sodanige sagtevrugte in die voorverkoelloodse by die Tafelbaai-dokke of Port Elizabeth-dokke kan inneem nie;

(c) die hoeveelheid in die permit aangedui outomaties verhoog word met 'n hoeveelheid gelykstaande met enige hoeveelheid sagtevrugte wat op gesag van daardie permit in die omskrewe gebied ingebring is maar wat kragtens die Wet op Uitvoer van Landbouprodukte, 1971 (No. 51 van 1971), vir uitvoer afgekeur is;

(d) die permit oordraagbaar is;

(e) die hoeveelheid sagtevrugte in die permit aangedui, nie Bon Chrétienpere, perskes van telling 28, en appels van tellingkodes 7 en 8 van die cultivars in klousule (1) (d) gemeld insluit nie, tensy die houer van die permit oor 'n bykomstige permit beoog in klousule 4, 5, of 6 van hierdie Bylae beskik om sodanige klasse sagtevrugte in die omskrewe gebied in te bring.

*Permitte vir Bon Chrétienpere*

4. 'n Permit vir die inbring van Bon Chrétienpere in die omskrewe gebied, moet op die vorm wees in Aanhangsel B voorgeskryf en word uitgereik op die voorwaarde dat—

(a) die Raad die reg het om die hoeveelheid in die permit aangedui te vermeerder of te verminder;

(b) die permit nie oordraagbaar is nie;

(c) die permit opgeskort is gedurende enige week ten opsigte waarvan die houer nie oor 'n permit beoog in klousule 3 van hierdie Bylae beskik nie.

*Permitte vir telling 28 perskes*

5. 'n Permit vir die inbring van perskes van 'n telling van 28 in die omskrewe gebied moet op die vorm wees in Aanhangsel C voorgeskryf en word uitgereik op die voorwaarde dat—

(a) die Raad die reg het om die hoeveelheid in die permit aangedui, te vermeerder of te verminder;

(b) die permit nie oordraagbaar is nie;

(c) die permit opgeskort is gedurende enige week ten opsigte waarvan die houer nie oor 'n permit beoog in klousule 3 van hierdie Bylae beskik nie.

*Permitte vir tellingkode 7 en 8 appels*

6. 'n Permit vir die inbring van appels van tellingkodes 7 en 8 van die cultivars Dunn's Seedling, Starking, Golden Delicious, Winter Pearmain en Granny Smith in die omskrewe gebied moet op die vorm wees in Aanhangsel D voorgeskryf en word uitgereik op die voorwaarde dat—

(a) die permit nie oordraagbaar is nie;

(b) die permit opgeskort is gedurende enige week ten opsigte waarvan die houer nie oor 'n permit beoog in klousule 3 van hierdie Bylae beskik nie.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



## ANNEXURE A

### PERMIT

To introduce deciduous fruit into the docks area of:

To........................................ Week ending on..............................
........................................ Intake week No..............................
........................................ Permit No..............................
........................................ Date..............................

You are hereby authorised, subject to the conditions detailed below, to introduce during the week stated above into the Table Bay Docks Area/Port Elizabeth Docks Area only the undermentioned number of cubic metres of deciduous fruit.

| Cubic metres in words | | | | | Cubic metres in figures |
|---|---|---|---|---|---|
| Thousands | Hundreds | Tens | Units | Decimal | |
| ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ |
| ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ |
| ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ |

Per pro Deciduous Fruit Board,

..............................
General Manager

This permit is issued subject to any conditions prescribed in terms of section 75 (2) (b) of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968).

## ANNEXURE B

### PERMIT

To introduce Bon Chrétien pears into the Table Bay Docks Area/Port Elizabeth Docks Area:

To..............................................................................
..............................................................................

| Period | Pack | Number |
|---|---|---|
| 22 November 1976 to 31 July 1977 | Export cartons.. | ........................ |

You are hereby authorised to introduce during the period stated above into the Table Bay Docks Area/Port Elizabeth Docks Area only the above-stated number of cartons of Bon Chrétien pears.

Per pro Deciduous Fruit Board,

..............................
General Manager

This permit is issued subject to any conditions prescribed in terms of section 75 (2) (b) of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968).

## ANNEXURE C

### PERMIT

To introduce peaches of count 28 into the Table Bay Docks Area/Port Elizabeth Docks Area:

To..............................................................................
..............................................................................

The quantity of single-layer trays of peaches of count 28 which you are hereby authorised to introduce into the Table Bay Docks Area/Port Elizabeth Docks Area during each week in the periods 22 November 1976 to 28 November 1976 and 20 December 1976 to 31 July 1977 shall be ten per cent (10%) of the total number of single-layer trays of peaches for each such week which you introduce into such area.

Per pro Deciduous Fruit Board,

..............................
General Manager

This permit is issued subject to any conditions prescribed in terms of section 75 (2) (b) of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968).

## AANHANGSEL A

### PERMIT

Om sagtevrugte in te bring in die dokkegebied van:

Aan........................................ Week eindigende op..............................
........................................ Innameweek No..............................
........................................ Permit No..............................
........................................ Datum..............................

U word hiermee gemagtig, onderworpe aan die voorwaardes hieronder uiteengesit, om slegs ondervermelde getal kubieke meter sagtevrugte gedurende bovermelde week in die Tafelbaai-dokkegebied/Port Elizabeth-dokkegebied in te bring.

| Kubieke meters in woorde | | | | | Kubieke meters in syfers |
|---|---|---|---|---|---|
| Duisende | Honderde | Tiene | Eenhede | Desimaal | |
| ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ |
| ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ |
| ........ | ........ | ........ | ........ | ........ | ........ |

Per pro Sagtevrugteraad,

..............................
Hoofbestuurder

Hierdie permit word uitgereik behoudens die voorwaardes wat kragtens artikel 75 (2) (b) van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), voorgeskryf is.

## AANHANGSEL B

### PERMIT

Om Bon Chrétienpere in te bring in die Tafelbaai-dokkegebied/Port Elizabeth-dokkegebied:

Aan..............................................................................
..............................................................................

| Tydperk | Verpakking | Getal |
|---|---|---|
| 22 November 1976 tot 31 Julie 1977 | Uitvoerkarton.. | ........................ |

U word hierby gemagtig om slegs bovermelde getal kartonne Bon Chrétienpere gedurende bovermelde tydperk in die Tafelbaai-dokkegebied/Port Elizabeth-dokkegebied in te bring.

Per pro Sagtevrugteraad,

..............................
Hoofbestuurder

Hierdie permit word uitgereik behoudens die voorwaardes wat kragtens artikel 75 (2) (b) van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), voorgeskryf is.

## AANHANGSEL C

### PERMIT

Om perskes van telling 28 in te bring in die Tafelbaai-dokkegebied/Port Elizabeth-dokkegebied:

Aan..............................................................................
..............................................................................

U word hierby gemagtig om slegs gedurende elke week in die tydperke 22 November 1976 tot 28 November 1976 en 20 Desember 1976 tot 31 Julie 1977, 'n hoeveelheid enkellaagkissies perskes van telling-28 gelykstaande aan tien persent (10%) van die totale getal enkellaagkissies perskes vir elke sodanige week wat u in die Tafelbaai-dokke gebied/Port Elizabeth-dokkegebied, inbring, in sodanige gebied in te bring.

Per pro Sagtevrugteraad,

..............................
Hoofbestuurder

Hierdie permit word uitgereik behoudens die voorwaardes wat kragtens artikel 75 (2) (b) van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), voorgeskryf is.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



ANNEXURE D

PERMIT

To introduce apples of count codes 7 and 8 into the Table Bay Docks Area/Port Elizabeth Docks Area:

To ..........................................................................................

..........................................................................................

You are hereby authorised to introduce into the Table Bay Docks Area/Port Elizabeth Docks Area during the period 22 November 1976 to 31 July 1977 only a quantity of cartons of apples of count codes 7 and 8 equivalent to the following percentages of the total number of cartons of apples of the following cultivars which you introduce into such area.

| | Count code 7 | Count code 8 |
|---|---|---|
| | % | % |
| Dunn's Seedling | 40 | 40 |
| Starking | 30 | 25 |
| Golden Delicious | 28 | 25 |
| Winter Pearmain | 40 | 45 |
| Granny Smith | 25 | 15 |

Per pro Deciduous Fruit Board,

..........................................................

General Manager

This permit is issued subject to any conditions prescribed in terms of section 75 (2) (b) of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968).

No. R. 2561 31 December 1976

## LEVY AND SPECIAL LEVY ON ROOIBOS TEA

In terms of section 79 (a) of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), I, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister of Agriculture, hereby make known that the Rooibos Tea Control Board, referred to in section 3 of the Rooibos Tea Control Scheme, published by Proclamation R. 167 of 1962, as amended, has, in terms of sections 16 and 17 of that Scheme, with my approval and with effect from the date of publication hereof, imposed the levy and special levy as set out in the Schedule hereto, in substitution of the levy and special levy published by Government Notice R. 16 of 2 January 1976, which is hereby repealed.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister of Agriculture.

### SCHEDULE

1. In this notice, unless inconsistent with the context, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Rooibos Tea Control Scheme, published by Proclamation R. 167 of 1962, as amended, shall have a corresponding meaning and—

"grade" in relation to any type of rooibos tea, means a grade, prescribed by regulation under section 89 of the Marketing Act, 1968, for Rooibos Tea of the type in question sold by a producer thereof through the Board;

"red tea", "black tea" and "grey tea" means the types of rooibos tea prescribed by regulation under section 89 of the said Act in respect of rooibos tea sold by a producer thereof through the Board.

2. The following levies and special levies are hereby imposed on rooibos tea of the undermentioned types and grades which is sold by a producer thereof through the Board:

| | *Ordinary levy per kg* | *Special levy per kg* |
|---|---|---|
| | c | c |
| (a) Red tea— | | |
| (i) Grades A1, A2 and A3 | 3,00 | 7,50 |
| (ii) Grades B1, B2 and Undergrade | 3,00 | 7,50 |
| (b) Grey tea and Black tea— | | |
| (i) Grades I and II | 3,00 | 7,50 |

AANHANGSEL D

PERMIT

Om appels van tellingkodes 7 en 8 in te bring in die Tafelbaai-dokkegebied/Port Elizabeth-dokkegebied:

Aan ..........................................................................................

..........................................................................................

U word hierby gemagtig om slegs 'n hoeveelheid kartonne appels van tellingkodes 7 en 8 gelykstaande aan ondervermelde persentasies van die totale getal kartonne appels van ondervermelde cultivars wat u in Tafelbaai-dokkegebied/Port Elizabeth-dokkegebied gedurende die tydperk 22 November 1976 tot 31 Julie 1977 inbring, in sodanige gebied in te bring.

| | Tellingkode 7 | Tellingkode 8 |
|---|---|---|
| | % | % |
| Dunn's Seedling | 40 | 40 |
| Starking | 30 | 25 |
| Golden Delicious | 28 | 25 |
| Winter Pearmain | 40 | 45 |
| Granny Smith | 25 | 15 |

Per pro Sagtevrugteraad,

..........................................................

Hoofbestuurder

Hierdie permit word uitgereik behoudens die voorwaardes wat kragtens artikel 75 (2) (b) van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), voorgeskryf is.

No. R. 2561 31 Desember 1976

## HEFFING EN SPESIALE HEFFING OP ROOIBOSTEE

Kragtens artikel 79 (a) van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), maak ek Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister van Landbou, hierby bekend dat die Rooibosteebeheerraad, genoem in artikel 3 van die Rooibosteebeheerskema, afgekondig by Proklamasie R. 167 van 1962, soos gewysig, kragtens artikel 16 en 17 van genoemde Skema met my goedkeuring en met ingang van die datum van publikasie hiervan, die heffing en spesiale heffing soos in die Bylae hiervan uiteengesit, opgelê het, ter vervanging van die heffing en spesiale heffing afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 16 van 2 Januarie 1976.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister van Landbou.

### BYLAE

1. In hierdie kennisgewing, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Rooibosteebeheerskema, afgekondig by Proklamasie R. 167 van 1962, soos gewysig, 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis, en beteken—

"graad" met betrekking tot 'n tipe rooibostee, 'n graad by regulasie kragtens artikel 89 van die Bemarkingswet, 1968, voorgeskryf vir rooibostee van die betrokke tipe wat deur 'n produsent deur bemiddeling van die Raad verkoop word;

"rooitee", "swarttee" en "vaaltee", die tipes van rooibostee by regulasie kragtens artikel 89 van genoemde Wet voorgeskryf ten opsigte van rooibostee wat deur 'n produsent daarvan deur bemiddeling van die Raad verkoop word.

2. Die volgende heffings en spesiale heffings word hierby opgelê op Rooibostee van die onderstaande tipes en grade wat deur 'n produsent daarvan deur bemiddeling van die Raad verkoop word:

| | *Gewone heffing per kg* | *Spesiale heffing per kg* |
|---|---|---|
| | c | c |
| (a) Rooitee— | | |
| (i) Grade A1, A2 en A3 | 3,00 | 7,50 |
| (ii) Grade B1, B2 en Ondergraad | 3,00 | 7,50 |
| (b) Vaaltee en Swarttee— | | |
| (i) Grade I en II | 3,00 | 7,50 |

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. R. 2570 31 December 1976

## MINIMUM SELLING PRICES FOR TOBACCO.—AMENDMENT

In terms of section 79 (b) of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), I, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister of Agriculture, hereby make known that the Tobacco Board, referred to in section 6 of the Tobacco Scheme, published by Proclamation R. 159 of 1971, as amended, has, in terms of section 36 of that Scheme, with my approval and with effect from the date of publication hereof further amended the prices published by Government Notice R. 925 of 28 May 1976, as amended, as set out in the Schedule hereto.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister of Agriculture.

### SCHEDULE

The Schedule to Government Notice R. 925 of 28 May 1976, as amended, is hereby further amended by the substitution for the Table under the subheading "Class—Flue-cured tobacco" of the following table:

| "*Grade* / *Graad* | *Cent per kg* / *Sent per kg* |
|---|---|
| 1L | 282,50 |
| 2LO | 278,50 |
| 1X | 277,50 |
| 2LL | 275,00 |
| 1GL | 272,00 |
| OBS1 | 226,75 |
| 2X | 266,00 |
| 3LO | 263,50 |
| 3LL | 258,00 |
| 1T | 243,50 |
| 2GL | 238,50 |
| 4L | 230,00 |
| GT | 218,50 |
| 3G | 204,00 |
| 3X | 198,00 |
| 2T | 178,50 |
| 4G | 145,00 |
| 5L | 115,50 |
| 6L | 92,50 |
| OBS2 | 197,00 |
| OSL1 | 190,00 |
| OSL | 175,00 |
| OSD | 115,50 |
| OSLS1 | 92,50 |
| OSLS | 85,00 |
| OSDS | 90,00 |
| OSSL | 65,00". |

No. R. 2570 31 Desember 1976

## MINIMUM VERKOOPPRYSE VIR TABAK.—WYSIGING

Kragtens artikel 79 (b) van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), maak ek, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister van Landbou, hierby bekend dat die Tabakraad, vermeld in artikel 6 van die Tabakskema, afgekondig by Proklamasie R. 159 van 1971, soos gewysig, kragtens artikel 36 van genoemde Skema, met my goedkeuring en met ingang van die datum van publikasie hiervan, die pryse, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 925 van 28 Mei 1976, soos gewysig, verder gewysig het soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister van Landbou.

### BYLAE

Die Bylae van Goewermentskennisgewing R. 925 van 28 Mei 1976, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die Tabel onder die subhoof "Klas—Oonddroogtabak" deur die volgende tabel te vervang:

No. R. 2571 31 December 1976

## LEVY AND SPECIAL LEVY ON DRIED FRUIT

In terms of section 79 (a) of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), I, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister of Agriculture, hereby make known that the Dried Fruit Board, referred to in section 3 of the Dried Fruit Scheme, published by Proclamation R. 302 of 1962, as amended, has in terms of sections 17 and 19 of that Scheme, with my approval and with effect from the date of publication hereof, imposed the levy and special levy as set out in the schedule hereto, in substitution of the levy and special levy published by Government Notice R. 111 of 23 January 1976, which is hereby repealed.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister of Agriculture.

### SCHEDULE

1. In this notice, unless inconsistent with the context, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Dried Fruit Scheme, published by Proclamation R. 302 of 1962 as amended, shall have a corresponding meaning.

2. The following levy and special levy are hereby imposed in respect of the undermentioned classes of dried fruit sold by a producer thereof:

| | *Levy per kg* c | *Special levy per kg* c |
|---|---|---|
| Currants | 1,600 | 0,955 |
| Raisins | 1,600 | 1,180 |
| Bleached sultanas | 1,600 | 6,180 |
| Unbleached sultanas | 1,600 | 6,180 |
| Thompson seedless raisins | 1,600 | 6,180 |
| Prunes | 1,600 | 0,730 |
| All other classes of dried fruit | 0,600 | 0,730 |

No. R. 2571 31 Desember 1976

## HEFFING EN SPESIALE HEFFING OP DROËVRUGTE

Kragtens artikel 79 (a) van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), maak ek, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister van Landbou, hierby bekend dat die Droëvrugteraad genoem in artikel 3 van die Droëvrugteskema, afgekondig by Proklamasie R. 302 van 1962, soos gewysig kragtens artikels 17 en 19 van daardie Skema, met my goedkeuring en met ingang van die datum van publikasie hiervan, die heffing en spesiale heffing, soos in die Bylae hiervan uiteengesit, opgelê het ter vervanging van die heffing en spesiale heffing afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 111 van 23 Januarie 1976, wat hierby herroep word.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister van Landbou.

### BYLAE

1. In hierdie kennisgewing, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Droëvrugteskema afgekondig by Proklamasie R. 302 van 1962, soos gewysig, 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis.

2. Die volgende heffing en spesiale heffing word hierby opgelê ten opsigte van die ondergemelde klasse droëvrugte wat deur 'n produsent daarvan verkoop word:

| | *Heffing per kg* c | *Spesiale heffing per kg* c |
|---|---|---|
| Korente | 1,600 | 0,955 |
| Rosyntjies | 1,600 | 1,180 |
| Geswawelde sultanas | 1,600 | 6,180 |
| Geloogde sultanas | 1,600 | 6,180 |
| Thompson pitlose rosyne | 1,600 | 6,180 |
| Pruimedante | 1,600 | 0,730 |
| Alle ander klasse droëvrugte | 0,600 | 0,730 |

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. R. 2572 31 December 1976

## MEAT TRADE CONTROL REGULATIONS, SOUTH-WEST AFRICA.—AMENDMENT

The Minister of Agriculture, under the powers vested in him by section 9 of the Meat Trade Control Ordinance (S.W.A.) 1962 (No. 20 of 1962), as amended, further amended the regulations published by Government Notice (S.W.A.) 87 of 1 June 1963, as amended, as set out in the Schedule hereto.

### SCHEDULE

The regulations published by Government Notice (S.W.A.) 87 of 1 June 1963, as amended, are hereby further amended by the substitution for regulation 14 of the following regulation:

"IMPOSITION OF LEVY

14. The Board may in terms of section 6 of the Ordinance, impose the following approved levies:

Provided that the intended levies may at any time be suspended or amended by the Minister:

Provided further that no levy is payable in respect of livestock, carcases or meat products exported by boat to markets outside the Republic of South Africa—

(a) in respect of livestock exported from the Territory and also in respect of stock slaughtered in the Territory for local consumption—

(i) on cattle (including calves): R1,50 per head;
(ii) on sheep and goats (three months and over): 7c per head;
(iii) on pigs: 10c per head;

(b) in respect of livestock belonging to Non-Whites in respect of exports from the Territory and also in respect of livestock slaughtered within the Territory for local consumption—

(i) on cattle (including calves): 20c per head;
(ii) on sheep and goats (three months and over): 2c per head;
(iii) on pigs: 5c per head.".

No. R. 2572 31 Desember 1976

## REGULASIES OOR DIE BEHEER VAN DIE VLEISHANDEL, SUIDWES-AFRIKA.—WYSIGING

Die Minister van Landbou het, kragtens die bevoegheid hom verleen by artikel 9 van die Vleishandelbeheer-ordonnansie (S.W.A.) 1962 (No. 20 van 1962), soos gewysig, die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing (S.W.A.) 87 van 1 Junie 1963, soos gewysig, verder gewysig soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

### BYLAE

Die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing (S.W.A.) 87 van 1 Junie 1963, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur regulasie 14 deur die volgende regulasie te vervang:

"HEFFING

14. Die Raad kan die volgende goedgekeurde heffings ingevolge artikel 6 van die Ordonnansie oplê:

Met dien verstande dat bedoelde heffings te eniger tyd deur die Minister opgeskort of gewysig kan word:

Met dien verstande voorts dat geen heffing betaalbaar is ten opsigte van lewende hawe, karkasse, of vleisprodukte uitgevoer na markte buite die Republiek van Suid-Afrika wat per skip bereik word nie—

(a) ten opsigte van uitvoere uit die Gebied en ten opsigte van lewende hawe geslag in die Gebied vir plaaslike verbruik—

(i) op beeste (insluitende kalwers): R1,50 stuk;
(ii) op skape en bokke (drie maande en ouer): 7c stuk;
(iii) op varke: 10c stuk;

(b) ten opsigte van lewende hawe behorende aan Nie-Blankes ten opsigte van uitvoer uit die Gebied en ten opsigte van lewende hawe geslag in die Gebied vir plaaslike verbruik—

(i) op beeste (insluitende kalwers): 20c stuk;
(ii) op skape en bokke (drie maande en ouer): 2c stuk;
(iii) op varke: 5c stuk.".

No. R. 2573 31 December 1976

## PRICES OF SOUTH AFRICAN WINE EXPORTED TO THE EUROPEAN ECONOMIC COMMUNITY

Under the powers vested in me by section 84E of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), I, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister of Agriculture, hereby make known that I have imposed the prohibition set out in the Schedule hereto, with effect from the date of publication hereof in substitution of the prohibition published by Government Notice R. 2404 of 19 December 1975, which is hereby repealed.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister of Agriculture.

### SCHEDULE

1. In this notice any word or expression to which a meaning has been assigned in the Marketing Act, 1968, shall have a corresponding meaning, and—

"degree" means 1 per cent alcohol by volume;
"specified country" means Belgium, Denmark, Federal Republic of Germany, France, Ireland, Italy, Luxemburg, The Netherlands and the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland;
"unit of account" means the monetary value of 0,888 670 88 gram fine gold.

No. R. 2573 31 Desember 1976

## PRYSE VAN SUID-AFRIKAANSE WYN WAT NA DIE EUROPESE EKONOMIESE GEMEENSKAP UITGEVOER WORD

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 84E van die Bemarkingswet 1968 (No. 59 van 1968), maak, ek, Hendrik Stephanus Johan Schoeman, Minister van Landbou, hierby bekend dat ek die verbod in die Bylae hiervan uiteengesit, met ingang van die datum van publikasie hiervan opgelê het ter vervanging van die verbodsbepaling afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 2404 van 19 Desember 1975, wat hierby herroep word.

H. S. J. SCHOEMAN, Minister van Landbou.

### BYLAE

1. In hierdie kennisgewing het 'n woord of uitdrukking waarvan in die Bemarkingswet, 1968, 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis en beteken—

"gespesifiseerde land", België, Denemarke, Federale Republiek van Duitsland, Frankryk, Ierland, Italië, Luxemburg, Nederland en die Verenigde Koninkryk van Groot Brittanje en Noord Ierland;
"graad" 1 persent alkohol per volume;
"rekeneenheid" die geldwaarde van 0,888 670 88 gram fyn goud.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



2. No person shall export from the Republic wine of any of the following types to any specified country by reason of or with a view to a sale at a price below the price indicated hereunder for the type concerned:

| *Type of wine* | *Minimum price in units of account delivered at a point of entry in the specified country in question* |
|---|---|
| (a) Red wine | 2,50 units of account per degree/hl less an amount equal to the customs duty per degree/hl of the specified country in question. |
| (b) White wine offered on importation into a specified country under the designation "Riesling" or "Sylvaner" | 50,44 units of account per hl less an amount equal to the customs duty per hl of the specified country in question. |
| (c) White wine excluding the white wine referred to in paragraph (b) | 2,37 units of account per degree/hl less an amount equal to the customs duty per degree/hl of the specified country in question. |
| (d) Liqueur wine | 4,30 units of account per degree/hl less an amount equal to the customs duty per degree/hl of the specified country in question. |
| (e) Liqueur wine destined to be transformed into vermouth and other wine flavoured with aromatic extracts | 2,40 units of account per degree/hl less an amount equal to the customs duty per degree/hl of the specified country in question. |
| (f) Distillation wine | 1,60 units of account per degree/hl less an amount equal to the customs duty per degree/hl of the specified country in question. |

2. Niemand mag wyn van enige van die volgende tipes uit die Republiek na 'n gespesifiseerde land uitvoer op grond van of met die oog op 'n verkoping teen 'n laer prys as die prys hieronder vir die betrokke tipe aangedui nie:

| *Tipe wyn* | *Minimum prys in rekeneenhede gelewer by die inklaringspunt in die betrokke gespesifiseerde land* |
|---|---|
| (a) Rooiwyn | 2,50 rekeneenhede per graad/hl minus 'n bedrag gelykstaande aan die doeanereg per graad/hl van die betrokke gespesifiseerde land. |
| (b) Witwyn by invoer in 'n gespesifiseerde land aangebied onder die benaming "Riesling" of "Sylvaner" | 50,44 rekeneenhede per hl minus 'n bedrag gelykstaande aan die doeanereg per hl van die betrokke gespesifiseerde land. |
| (c) Witwyn uitgesonderd die in paragraaf (b) bedoelde wyn | 2,37 rekeneenhede per graad/hl minus 'n bedrag gelykstaande aan die doeanereg per graad/hl van die betrokke gespesifiseerde land. |
| (d) Likeurwyn | 4,30 rekeneenhede per graad/hl minus 'n bedrag gelykstaande aan die doeanereg per graad/hl van die betrokke gespesifiseerde land. |
| (e) Likeurwyn bestem vir omsetting in vermoet en ander wyn gegeur met aromatiese ekstrakte | 2,40 rekeneenhede per graad/hl minus 'n bedrag gelykstaande aan die doeanereg per graad/hl van die betrokke gespesifiseerde land. |
| (f) Stookwyn | 1,60 rekeneenhede per graad/hl minus 'n bedrag gelykstaande aan die doeanereg per graad/hl van die betrokke gespesifiseerde land. |

## DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT

No. R. 2539 31 December 1976

BANTU LABOUR REGULATIONS 1965

AMENDMENT OF GOVERNMENT NOTICE R. 1892 DATED 3 DECEMBER 1965

I, Willem Adriaan Cruywagen, Deputy Minister of Bantu Affairs, do hereby, on behalf of the Minister of Bantu Administration and Development, by virtue of the powers vested in him by section 28 (1) of the Bantu Labour Act, 1964 (Act 67 of 1964), amend Government Notice R. 1892, dated 3 December 1965, in accordance with the accompanying Schedule.

W. A. CRUYWAGEN, Deputy Minister of Bantu Affairs.

SCHEDULE

Chapter XI is amended by the addition of the following at the end of regulation 7 (5):

"Provided that these provisions shall not apply to any advance or loan or anything in substitution thereof by an employer to his employee if the latter at the conclusion of a legal agreement intends to use the loan or advance or anything in substitution thereof for the acquisition of a site or erection or improvement of a dwelling provided the monthly repayments do not exceed 25 per cent of the employee's salary.".

## DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING

No. R. 2539 31 Desember 1976

BANTOE-ARBEIDSREGULASIES, 1965

WYSIGING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING R. 1892 VAN 3 DESEMBER 1965

Ek, Willem Adriaan Cruywagen, Adjunk-minister van Bantoesake, wysig hierby, namens die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 28 (1) van die Wet op Bantoe-arbeid, 1964 (Wet 67 van 1964), Goewermentskennisgewing R. 1892 van 3 Desember 1965 ooreenkomstig bygaande Bylae.

W. A. CRUYWAGEN, Adjunk-minister van Bantoesake.

BYLAE

Hoofstuk XI word gewysig deur aan die einde van regulasie 7 (5) die volgende by te voeg:

"Met dien verstande dat hierdie bepalings nie van toepassing sal wees nie op enige voorskot of lening of enigiets wat die plek daarvan neem deur 'n werkgewer aan sy werknemer indien laasgenoemde by voltooiing van 'n wettige ooreenkoms, die lening of voorskot of enigiets wat die plek daarvan neem wil aanwend vir die verkryging van 'n perseel of oprigting of verbetering van 'n woning, mits die maandelikse terugbetaling nie 25 persent van die werknemer se salaris oorskry nie.".

## DEPARTMENT OF BANTU EDUCATION

No. R. 2540 31 December 1976

AMENDMENT OF THE REGULATIONS CONCERNING THE CONDITIONS OF SERVICE OF TEACHERS AT BANTU COMMUNITY SCHOOLS

The Deputy Minister of Bantu Education, acting on behalf of and on the instructions of the Minister of Bantu Education, has, by virtue of the powers vested in

## DEPARTEMENT VAN BANTOE-ONDERWYS

No. R. 2540 31 Desember 1976

WYSIGING VAN DIE REGULASIES BETREFFENDE DIE DIENSVOORWAARDES VAN ONDERWYSERS VERBONDE AAN BANTOEGEMEENSKAPSKOLE

Die Adjunk-minister van Bantoe-onderwys, handelende namens en in opdrag van die Minister van Bantoe-onderwys, het kragtens die bevoegdheid by artikel 15 (1) van

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998


the said Minister by section 15 (1) of the Bantu Education Act, 1953 (Act 47 of 1953), further amended the regulations published under Government Notice R. 1289, dated 17 August 1962, as follows:

1. Regulation 1 is hereby amended by the insertion after the definition of "Bantu community school" of the following definition:

" 'Bantu homeland' shall mean a Bantu area in respect of which a legislative assembly has been established in terms of section 1 of the Bantu Homelands Constitution Act, 1971 (Act 21 of 1971), or any Native area in respect of which a legislative council has been established in terms of section 3 of the Development of Self-government for Native Nations in South-West Africa Act, 1968 (Act 54 of 1968);".

2. The addition of the following new regulation after regulation 9:

"*Membership of certain bodies*

9A. (1) When any teacher—

(a) accepts nomination as a candidate for election as member of a legislative assembly of any Bantu homeland or a designated as a member of such legislative body and accepts such designation; or

(b) is nominated, in terms of section 4 (1) of the Promotion of Bantu Self-government Act, 1959 (Act 46 of 1959), or in terms of section 11 (1) of the Development of Self-government for Native Nations in South-West Africa Act, 1968 (Act 54 of 1968), as a representative or assistant representative and accepts such nomination;

he shall be deemed to have voluntarily consented to the termination of his contract with the school board with effect from the date on which he accepted such nomination or designation.

(2) The school board may, with the consent of the Secretary, grant permission to a teacher to become a member of—

(a) an urban Bantu council established in terms of section 2 of the Urban Bantu Councils Act, 1961 (Act 79 of 1961);

(b) a Bantu advisory board established in terms of section 21 (1) of the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act 25 of 1945);

(c) a council constituted in terms of section 5 (1) (b) of the Promotion of Bantu Self-government Act, 1959 (Act 46 of 1959), or a committee constituted in terms of section 12 (b) of the Development of Self-government for Native Nations in South-West Africa Act, 1968 (Act 54 of 1968);

(d) a Bantu tribal or regional authority established in terms of section 2 of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act 68 of 1951); or

(e) any other body which the Minister may determine:

Provided that the school board or the Secretary may at any time withdraw such permission or consent if he is of the opinion that continued membership of a teacher of such a body is prejudicial to the proper performance of his duties or his position as a teacher.

(3) A teacher who, immediately prior to the date of commencement of this regulation, was a member of a body referred to in subregulation (2) (a), (b), (c) or (d). shall continue to be a member of such body and it shall be deemed that the school board has granted permission for such membership in terms of subregulation (2).".

die Wet op Bantoe-onderwys, 1953 (Wet 47 van 1953), aan genoemde Minister verleen, die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1289 van 17 Augustus 1962, soos volg verder gewysig:

1. Regulasie 1 word hierby gewysig deur na die omskrywing van "Bantoegemeenskapskool" die volgende woordomskrywing in te voeg:

" 'Bantoetuisland' 'n Bantoegebied ten opsigte waarvan 'n wetgewende vergadering ingevolge artikel 1 van die Grondwet van die Bantoetuislande, 1971 (Wet 21 van 1971), ingestel is of 'n Naturellegebied ten opsigte waarvan 'n wetgewende raad ingevolge artikel 3 van die Wet op die Ontwikkeling van Selfbestuur vir Naturellevolke in Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 54 van 1968), ingestel is;".

2. Die volgende nuwe regulasie word hierby na regulasie 9 ingevoeg:

"*Lidmaatskap van sekere liggame*

9A. (1) As 'n onderwyser—

(a) 'n nominasie as kandidaat vir verkiesing tot lid van 'n wetgewende liggaam van 'n Bantoetuisland aanvaar of aangewys word as lid van sodanige wetgewende liggaam en sodanige aanwysing aanvaar; of

(b) ingevolge artikel 4 (1) van die Wet op die Bevordering van Bantoe-selfbestuur, 1959 (Wet 46 van 1959), of ingevolge artikel 11 (1) van die Wet op die Ontwikkeling van Selfbestuur van Naturellevolke in Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 54 van 1968), as 'n verteenwoordiger of assistent-verteenwoordiger benoem word en sodanige benoeming aanvaar;

word hy geag vrywillig toestemming tot die beëindiging van sy kontrak met die skoolraad te verleen het met ingang van die datum waarop hy sodanige nominasie, aanwysing of benoeming aanvaar het.

(2) Die skoolraad kan met instemming van die Sekretaris, toestemming aan 'n onderwyser verleen om lid te word van—

(a) 'n stedelike Bantoeraad ingestel ingevolge artikel 2 van die Wet op Stedelike Bantoerade, 1961 (Wet 79 van 1961);

(b) 'n adviserende Bantoekomitee, ingestel ingevolge artikel 21 (1) van die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet 25 van 1945);

(c) 'n raad saamgestel ingevolge artikel 5 (1) (b) van die Wet op Bevordering van Bantoe-selfbestuur, 1959 (Wet 46 van 1959), of 'n komitee saamgestel ingevolge artikel 12 (b) van die Wet op die Ontwikkeling van Selfbestuur van Naturellevolke in Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 54 van 1968);

(d) 'n Bantoestam- of -streeksowerheid ingestel ingevolge artikel 2 van die Wet op Bantoeowerhede, 1951 (Wet 68 van 1951); of

(e) enige ander liggaam wat die Minister bepaal:

Met dien verstande dat die skoolraad of die Sekretaris sodanige toestemming of instemming te eniger tyd kan intrek indien hy van mening is dat 'n onderwyser se voortgesette lidmaatskap van so 'n liggaam nadelig is vir die behoorlike verrigting van sy pligte of vir sy posisie as onderwyser.

(3) 'n Onderwyser wat onmiddellik voor die datum van inwerkingtreding van hierdie regulasie 'n lid was van 'n liggaam in subregulasie (2) (a), (b), (c) of (d) bedoel, gaan voort om lid van sodanige liggaam te wees en die skoolraad word geag ingevolge subregulasie (2) toestemming tot sodanige lidmaatskap te verleen het.".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998


3. Regulation 10 (1) is hereby amended by—

(a) the substitution for paragraph (h) of the following paragraph:

"(h) identifies himself actively with a political party, association, organisation or body or actively participates in political matters, or in the nomination or election of members of a school board or school committee or any other controlling body of a school, an urban Bantu council, a Bantu advisory board or a legislative assembly of a Bantu homeland; or"; and

(b) the insertion after paragraph (h) of the following new paragraph:

"(h) A. becomes a member of a body referred to in paragraphs (a) to (d) of regulation 9A (2) without the necessary permission;".

4. Regulation 12 (1) is hereby amended by the substitution for the word "accumulation" in the second line of the word "accumulative".

5. (a) Regulation 19 is hereby amended by the addition after subregulation (4) of the following new subregulation:

"(5) Notwithstanding the provisions of subregulation (4), a teacher who enters the service of the Department on the first working day immediately prior to the day on which the first school quarter begins and has, after full-time study at a university or teachers' training institution during the previous year, met all the requirements for a degree, diploma or certificate recognised by the Secretary shall be paid with effect from 1 January of the year in which he so enters the service.".

(b) This regulation shall come into operation on 1 January 1977.

*Amendment Slip* 74 *of Part II*]

3. Regulasie 10 (1) word hierby gewysig deur—

(a) paragraaf (h) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(h) hom aktief vereenselwig met 'n politieke party, vereniging, organisasie of liggaam of aktief deelneem aan politieke sake of aan die benoeming of verkiesing van lede van 'n skoolraad of skoolkomitee of enige ander beheerliggaam van 'n skool, 'n stedelike Bantoeraad, 'n adviserende Bantoekomitee of 'n wetgewende liggaam van 'n Bantoetuisland; of"; en

(b) die volgende nuwe paragraaf na paragraaf (h) in te voeg:

"(h) A. sonder die nodige toestemming lid word van 'n liggaam bedoel in paragrawe (a) tot (d) van regulasie 9A (2).".

4. Regulasie 12 (1) word hierby gewysig deur die uitdrukking "accumulation" in die tweede reël van die Engelse teks te vervang deur die uitdrukking "accumulative".

5. (a) Regulasie 19 word hierby gewysig deur die volgende nuwe subregulasie na subregulasie (4) in te voeg:

"(5) Ondanks die bepalings van subregulasie (4), word 'n onderwyser wat tot die diens van die Departement toetree op die eerste werkdag onmiddellik voor die dag waarop die eerste skoolkwartaal begin en wat gedurende die voorafgaande jaar na voltydse studie aan 'n universiteit of onderwysersopleidingsinrigting voldoen het aan al die vereistes vir die toekenning van 'n graad, diploma of sertifikaat wat deur die Sekretaris erken word, besoldig met ingang van 1 Januarie van die jaar waarin hy aldus tot die diens toetree.".

(b) Hierdie regulasie tree op 1 Januarie 1977 in werking.

*Wysigingstrokie* 74 *van Deel II*]

No. R. 2541 31 December 1976

## AMENDMENT OF THE REGULATIONS REGARDING THE CONDITIONS OF SERVICE OF STAFF EMPLOYED AT SPECIAL GOVERNMENT BANTU SCHOOLS AND STATE-AIDED SPECIAL BANTU SCHOOLS

The Deputy Minister of Bantu Education, acting on behalf of and on the instructions of the Minister of Bantu Education, has, by virtue of the powers vested in the said Minister by section 21 (1) of the Bantu Special Education Act, 1964 (Act 24 of 1964), further amended the regulations published under Government Notice R. 1419, dated 17 September 1965, as follows:

1. Regulation 1 is hereby amended by the insertion before the definition of "control officer" of the following definition:

" 'Bantu homeland' shall mean a Bantu area in respect of which a legislative assembly has been established in terms of section 1 of the Bantu Homelands Constitution Act, 1971 (Act 21 of 1971), or a Native area in respect of which a legislative council has been established in terms of section 3 of the Development of Self-government for Native Nations in South-West Africa Act, 1968 (Act 54 of 1968);".

2. Regulation 15 is hereby amended by—

(a) the substitution for subregulation (1) of the following subregulation:

"(1) (a) Any White teacher who accepts nomination or requisition as a candidate for election as a member of Parliament or of any provincial council; or

No. R. 2541 31 Desember 1976

## WYSIGING VAN DIE REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE DIENSVOORWAARDES VAN PERSONEEL IN DIENS BY SPESIALE STAATSBANTOESKOLE EN STAATSONDERSTEUNDE SPESIALE BANTOESKOLE

Die Adjunk-minister van Bantoe-onderwys, handelende namens en in opdrag van die Minister van Bantoe-onderwys, het kragtens die bevoegdheid by artikel 21 (1) van die Wet op Buitengewone Onderwys vir die Bantoe, 1964 (Wet 24 van 1964), aan genoemde Minister verleen, die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1419 van 17 September 1965, soos volg verder gewysig:

1. Regulasie 1 word hierby gewysig deur voor die omskrywing van "beheerbeampte" die volgende woordomskrywing in te voeg:

" 'Bantoetuisland' 'n Bantoegebied ten opsigte waarvan 'n wetgewende vergadering ingevolge artikel 1 van die Grondwet van die Bantoetuislande, 1971 (Wet 21 van 1971), ingestel is of 'n Naturellegebied ten opsigte waarvan 'n wetgewende raad ingevolge artikel 3 van die Wet op die Ontwikkeling van Selfbestuur vir Naturellevolke in Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 54 van 1968), ingestel is;".

2. Regulasie 15 word hierby gewysig deur—

(a) subregulasie (1) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(1) (a) 'n Blanke onderwyser wat 'n nominasie of rekwisisie as kandidaat vir verkiesing tot lid van die Parlement of van enige provinsiale raad aanvaar; of

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998


(b) any Bantu teacher who—

(i) accepts nomination as a candidate for election as member of a legislative body of any Bantu homeland or is designated as a member of such legislative body and accepts such designation; or

(ii) is nominated in terms of section 4 (1) of the Promotion of Bantu Self-government Act, 1959 (Act 46 of 1959), or in etrms of section 11 (1) of the Development of Self-government for Native Nations in South-West Africa Act, 1968 (Act 54 of 1968), as a representative or assistant representative and accepts such nomination;

shall be deemed to have voluntarily retired from the service with effect from the date on which he accepted such nomination, requisition or designation.";

(b) the insertion of the following proviso at the end of subregulation (2):

": Provided that the control officer may at any time withdraw such permission if he is of the opinion that continued membership of a teacher of such a body is prejudicial to the proper performance of his duties or his position as a teacher."; and

(c) the substitution for subregulation (3) of the following subregulation:

"(3) Any Bantu teacher may, with the permission of the control officer, serve as a member of—

(a) an urban Bantu council established in terms of section 2 of the Urban Bantu Councils Act, 1961 (Act 79 of 1961);

(b) a Bantu advisory board, established in terms of section 21 (1) of the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act 25 of 1945);

(c) a council constituted in terms of section 5 (1) (b) of the Promotion of Bantu Self-government Act, 1959 (Act 46 of 1959), or a committee constituted in terms of section 12 (b) of the Development of Self-government for Native Nations in South-West Africa Act, 1968 (Act 54 of 1968);

(d) a Bantu tribal or regional authority established in terms of section 2 of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act 68 of 1951); or

(e) any other body which the Minister may determine:

Provided that the control officer may at any time withdraw such permission if he is of the opinion that continued membership of such a body is prejudicial to the proper performance of his duties or his position as a teacher.".

3. Regulation 21 (1) is hereby amended by the substitution for the word "accumulated" in the second line of the word "accumulative".

4. Regulation 41 is hereby amended by—

(a) the insertion at the end of paragraph (q) of the word "or"; and

(b) the addition after paragraph (q) of the following new paragraphs:

"(r) identifies himself actively with a political party, association, organisation or body or actively participates in political matters, or in the nomination or election of members of the governing body or any other controlling body of a school, an urban Bantu Council, a Bantu advisory board or legislative assembly of a Bantu homeland; or

(s) becomes a member of a body referred to in regulation 15 (2) and paragraphs (a) to (d) of regulation 15 (3) without the permission of the control officer.".

(b) 'n Bantoe-onderwyser wat—

(i) 'n nominasie as kandidaat vir verkiesing tot lid van 'n wetgewende liggaam van 'n Bantoetuisland aanvaar of aangewys word as lid van sodanige wetgewende liggaam en sodanige aanwysing aanvaar; of

(ii) ingevolge artikel 4 (1) van die Wet op die Bevordering van Bantoe-selfbestuur, 1959 (Wet 46 van 1959), of ingevolge artikel 11 (1) van die Wet op die Ontwikkeling van Selfbestuur van Naturellevolke in Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 54 van 1968), as verteenwoordiger of assistent-verteenwoordiger benoem word en sodanige benoeming aanvaar;

word geag vrywillig uit die diens te getree het met ingang van die datum waarop hy sodanige nominasie, rekwisisie, aanwysing of benoeming aanvaar het.";

(b) aan die einde van subregulasie (2) die volgende voorbehoudsbepaling in te voeg:

": Met dien verstande dat die beheerbeampte sodanige toestemming te eniger tyd kan intrek indien hy van mening is dat 'n onderwyser se voortgesette lidmaatskap van so 'n liggaam nadelig is vir die behoorlike verrigting van sy pligte of vir sy posisie as onderwyser."; en

(c) subregulasie (3) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(3) 'n Bantoe-onderwyser kan met die toestemming van die beheerbeampte dien as lid van—

(a) 'n stedelike Bantoeraad ingestel ingevolge artikel 2 van die Wet op Stedelike Bantoerade, 1961 (Wet 79 van 1961);

(b) 'n adviserende Bantoekomitee, ingestel ingevolge artikel 21 (1) van die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet 25 van 1945);

(c) 'n raad saamgestel ingevolge artikel 5 (1) (b) van die Wet op Bevordering van Bantoe-selfbestuur, 1959 (Wet 46 van 1959), of 'n komitee saamgestel ingevolge artikel 12 (b) van die Wet op die Ontwikkeling van Selfbestuur van Naturellevolke in Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 54 van 1968);

(d) 'n Bantoestam- of -streeksowerheid ingestel ingevolge artikel 2 van die Wet op Bantoe-owerhede, 1952 (Wet 68 van 1951); of

(e) enige ander liggaam wat die Minister bepaal:

Met dien verstande dat die beheerbeampte sodanige toestemming te eniger tyd kan intrek indien hy van mening is dat 'n onderwyser se voortgesette lidmaatskap van so 'n liggaam nadelig is vir die behoorlike verrigting van sy pligte of vir sy posisie as onderwyser.".

3. Regulasie 21 (1) word hierby gewysig deur die uitdrukking "accumulated" in die tweede reël van die Engelse teks te vervang deur die uitdrukking "accumulative".

4. Regulasie 41 word hierby gewysig deur—

(a) die woord "of" aan die end van paragraaf (q) in te voeg; en

(b) die volgende nuwe paragrawe na paragraaf (q) in te voeg:

"(r) hom aktief vereenselwig met 'n politieke party, vereniging, organisasie of liggaam of aktief deelneem aan politieke sake of aan die benoeming of verkiesing van lede van die bestuursliggaam of enige ander beheerliggaam van 'n skool, 'n stedelike Bantoeraad, 'n adviserende Bantoekomitee of 'n wetgewende liggaam van 'n Bantoetuisland; of

(s) sonder toestemming van die beheerbeampte lid word van 'n liggaam bedoel in regulasie 15 (2) en paragrawe (a) tot (d) van regulasie 15 (3).".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

5. Regulation 47 is hereby amended by the addition of the following proviso at the end of subregulation (1):

": Provided that a teacher who enters the service of the Department on the first working day immediately prior to the day on which the first school quarter begins, and has met all the requirements for a degree, diploma or certificate recognised by the Secretary, after full-time study during the previous year at a university or teachers' training institution, shall be paid with effect from 1 January of the year in which he so enters the service.".

*Amendment Slip* 4 *of Part* VII]

5. Regulasie 47 word hierby gewysig deur aan die einde van subregulasie (1) die volgende voorbehoudsbepaling in te voeg:

": Met dien verstande dat 'n onderwyser wat tot die diens van die Departement toetree op die eerste werkdag onmiddellik voor die dag waarop die eerste skoolkwartaal begin en wat gedurende die voorafgaande jaar na voltydse studie aan 'n universiteit of onderwysersopleidingsinrigting voldoen het aan al die vereistes vir die toekenning van 'n graad, diploma of sertifikaat wat deur die Sekretaris erken word, besoldig word met ingang van 1 Januarie van die jaar waarin hy aldus tot die diens toetree.".

*Wysigingstrokie* 4 *van Deel* VII]

No. R. 2542 31 December 1976

## AMENDMENT OF THE REGULATIONS REGARDING THE CONDITIONS OF APPOINTMENT, SERVICE AND DISCIPLINE OF WHITE TEACHERS ATTACHED TO GOVERNMENT BANTU SCHOOLS

The Deputy Minister of Bantu Education, acting on behalf of and on the instructions of the Minister of Bantu Education, has, by virtue of the powers vested in the said Minister by section 15 (1) of the Bantu Education Act, 1953 (Act 47 of 1953), further amended the regulations published under Government Notice R. 1950, dated 13 December 1963, as follows:

1. Regulation 1 is hereby amended by the insertion after the definition of "assistant teacher" of the following definition:

" 'Bantu homeland' shall mean a Bantu area in respect of which a legislative assembly has been established in terms of section 1 of the Bantu Homelands Constitution Act, 1971 (Act 21 of 1971), or a Native area in respect of which a legislative council has been established in terms of section 3 of the Development of Self-government for Native Nations in South-West Africa Act, 1968 (Act 54 of 1968);".

2. The following new regulation is hereby added after regulation 14:

*"Membership of certain bodies*

14A. (1) When any teacher accepts nomination or requisition as a candidate for election as a member of Parliament or member of any provincial council, he shall be deemed to have voluntarily retired from the service of the Department with effect from the date on which he accepted such nomination or requisition.

(2) The Secretary may grant permission to a teacher to become a member of a divisional council, city council, municipal council, village management board, health committee, local authority, Bantu Affairs Administration Board, school board, management or consultative committee:

Provided that the Secretary may at any time withdraw such approval if he is of the opinion that continued membership of a teacher of such a body is prejudicial to the proper performance of his duties or his position as a teacher.

(3) A teacher who, immediately prior to the date of commencement of this regulation, was a member of a body referred to in subregulation (2) shall continue to be a member of such body and it shall be deemed that the Secretary has granted permission for such membership in terms of subregulation (2).".

No. R. 2542 31 Desember 1976

## WYSIGING VAN DIE REGULASIES BETREFFENDE DIE AANSTELLINGS-, DIENS-, EN TUGVOORWAARDES VAN BLANKE ONDERWYSERS VERBONDE AAN STAATSBANTOESKOLE

Die Adjunk-minister van Bantoe-onderwys, handelende namens en in opdrag van die Minister van Bantoe-onderwys, het kragtens die bevoegdheid by artikel 15 (1) van die Wet op Bantoe-onderwys, 1953 (Wet 47 van 1953), aan genoemde Minister verleen, die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1950 van 13 Desember 1963, soos volg verder gewysig:

1. Regulasie 1 word hierby gewysig deur na die omskrywing van "assistent-onderwyser" die volgende woordomskrywing in te voeg:

" 'Bantoetuisland' 'n Bantoegebied ten opsigte waarvan 'n wetgewende vergadering ingevolge artikel 1 van die Grondwet van die Bantoetuislande, 1971 (Wet 21 van 1971), ingestel is of 'n Naturellegebied ten opsigte waarvan 'n wetgewende raad ingevolge artikel 3 van die Wet op die Ontwikkeling van Selfbestuur vir Naturellevolke in Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 54 van 1968), ingestel is;".

2. Die volgende nuwe regulasie word hierby na regulasie 14 ingevoeg:

*"Lidmaatskap van sekere liggame*

14A. (1) As 'n onderwyser 'n nominasie of rekwisisie as kandidaat vir verkiesing tot lid van die Parlement of van enige provinsiale raad aanvaar, word hy geag vrywillig uit die diens van die Departement te getree het met ingang van die datum waarop hy sodanige nominasie of rekwisisie aanvaar het.

(2) Die Sekretaris kan toestemming aan 'n onderwyser verleen om lid te word van 'n afdelingsraad, stadsraad, munisipale raad, dorpsbestuur, gesondheidskomitee, plaaslike bestuur, Bantoesake-administrasieraad, skoolraad, bestuurs- of raadplegende komitee:

Met dien verstande dat die Sekretaris sodanige toestemming te eniger tyd kan intrek indien hy van mening is dat 'n onderwyser se voortgesette lidmaatskap van so 'n liggaam nadelig is vir die behoorlike verrigting van sy pligte of vir sy posisie as onderwyser.

(3) 'n Onderwyser wat onmiddellik voor die datum van inwerkingtreding van hierdie regulasie 'n lid was van 'n liggaam in subregulasie (2) bedoel, gaan voort om lid van sodanige liggaam te wees en die Sekretaris word geag ingevolge subregulasie (2) toestemming tot sodanige lidmaatskap te verleen het.".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



3. Regulation 45 is hereby amended by the insertion of the following proviso at the end of subregulation (1):

": Provided that a teacher who enters the service of the Department on the first working day immediately prior to the day on which the first school quarter begins, and has met all the requirements for a degree, diploma or certificate recognised by the Secretary, after full-time study during the previous year at a university or teachers' training institution, shall be paid with effect from 1 January of the year in which he so enters the service.".

*Amendment Slip 75 of Part II*]

No. R. 2543 31 December 1976

AMENDMENT OF THE REGULATIONS REGARDING THE CONDITIONS OF APPOINTMENT, SERVICE AND DISCIPLINE OF BANTU TEACHERS IN POSTS AT GOVERNMENT BANTU SCHOOLS

The Deputy Minister of Bantu Education, acting on behalf of and on the instructions of the Minister of Bantu Education, has, by virtue of the powers vested in the said Minister by section 15 (1) of the Bantu Education Act, 1953 (Act 47 of 1953), further amended the regulations published under Government Notice R. 1951, dated 13 December 1963, as follows:

1. Regulation 1 is hereby amended by the insertion after the definition of "assistent teacher" of the following definition:

" 'Bantu homeland' shall means a Bantu area in respect of which a legislative assembly has been established in terms of section 1 of the Bantu Homeland Constitution Act, 1971 (Act 21 of 1971), or a Native area in respect of which a legislative council has been established in terms of section 3 of the Development of Self-government for Native Nations in South-West Africa Act, 1968 (Act 54 of 1968);".

2. (a) Regulation 9 is hereby amended by the insertion of the following proviso at the end of subregulation (3):

": Provided that a teacher who enters the service of the Department on the first working day immediately prior to the day on which the first school quarter begins, and has met all the requirements for a degree, diploma or certificate recognised by the Secretary, after full-time study during the previous year at university or teachers' training institution, shall be paid with effect from 1 January of the year in which he so enters the service.".

(b) This regulation shall come into operation on 1 January 1977.

3. The following regulation is hereby added after regulation 11:

*"Membership of certain bodies*

11A. (1) When any teacher—

(a) accepts nomination as a candidate for election as member of a legislative body of any Bantu homeland or is designated as a member of such legislative body and accepts such designation; or

(b) is nominated in terms of section 4 (1) of the Promotion of Bantu Self-government Act, 1959 (Act 46 of 1959), or in terms of section 11 (1) of the Development of Self-government for Native Nations in South-West Africa Act, 1968 (Act 54 of 1968), as a representative or assistant representative and accepts such nomination;

he shall be deemed to have voluntarily retired from the service of the Department with effect from the date on which he accepted such nomination or designation.

3. Regulasie 45 word hierby gewysig deur aan die einde van subregulasie (1) die volgende voorbehoudsbepaling in te voeg:

": Met dien verstande dat 'n onderwyser wat tot die diens van die Departement toetree op die eerste werkdag onmiddelik voor die dag waarop die eerste skoolkwartaal begin en wat gedurende die voorafgaande jaar na voltydse studie aan 'n universiteit of onderwysersopleidingsinrigting voldoen het aan al die vereistes vir die toekenning van 'n graad, diploma of sertifikaat wat deur die Sekretaris erken word, besoldig word met ingang van 1 Januarie van die jaar waarin hy aldus tot die diens toetree.".

*Wysigingstrokie 75 van Deel II*]

No. R. 2543 31 Desember 1976

WYSIGING VAN DIE REGULASIES BETREFFENDE DIE AANSTELLINGS-, DIENS-, EN TUGVOORWAARDES VAN BANTOE-ONDERWYSERS IN POSTE BY STAATSBANTOESKOLE

Die Adjunk-minister van Bantoe-onderwys, handelende namens en in opdrag van die Minister van Bantoe-onderwys, het kragtens die bevoegdheid by artikel 15 (1) van die Wet op Bantoe-onderwys, 1953 (Wet 47 van 1953), aan genoemde Minister verleen, die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1951 van 13 Desember 1963, soos volg verder gewysig:

1. Regulasie 1 word hierby gewysig deur na die omskrywing van "assistent-onderwyser" die volgende woordomskrywing in te voeg:

" 'Bantoetuisland' 'n Bantoegebied ten opsigte waarvan 'n wetgewende vergadering ingevolge artikel 1 van die Grondwet van die Bantoetuislande, 1971 (Wet 21 van 1971), ingestel is of 'n Naturellegebied ten opsigte waarvan 'n wetgewende raad ingevolge artikel 3 van die Wet op die Ontwikkeling van Selfbestuur vir Naturellevolke in Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 54 van 1968), ingestel is;".

2. (a) Regulasie 9 word hierby gewysig deur aan die einde van subregulasie (3) die volgende voorbehoudsbepaling in te voeg:

": Met dien verstande dat 'n onderwyser wat tot die diens van die Departement toetree op die eerste werkdag onmiddellik voor die dag waarop die eerste skoolkwartaal begin en gedurende die voorafgaande jaar na voltydse studie aan 'n universiteit of onderwysersopleidingsinrigting voldoen het aan al die vereistes vir die toekenning van 'n graad, diploma of sertifikaat wat deur die Sekretaris erken word, besoldig word met ingang van 1 Januarie van die jaar waarin hy aldus tot die diens toetree.".

(b) Hierdie regulasie tree op 1 Januarie 1977 in werking.

3. Die volgende regulasie word hierby na regulasie 11 ingevoeg:

*"Lidmaatskap van sekere liggame*

11A. (1) As 'n onderwyser—

